

4 November

Skrifgedeelte: Johannes 15:26-16:15

Erken die waarheid teenoor die leuen

Baie van die lewensvrae handel oor die vraag: Wat is die waarheid?. Sommige mense betwyfel die waarheid van die Bybel of dat Jesus waarlik gesterf het of dat God werklik bestaan. In hierdie Skrifgedeelte word die Heilige Gees “die Gees van die waarheid” genoem (15:26; 16:13). Hy is ook gestuur om die waarheid van die evangelie te bevestig. Hy getuig van die werke van die Vader en die Seun. Die werk van die Drie-enige God is die groot waarheid wat vasstaan en wat verkondig word. Hieraan moet ‘n gelowige nie twyfel nie. Ook nie as alles skeefloop nie en selfs nie onder vervolging nie (16:1-4). Die evangelie teken dus eintlik vir ons ‘n baie groter saak as maar net die geluk en vrede van die mens. Die evangelie beskryf die groot konflik van die waarheid van God teenoor die leuen van die Satan. Luister dus na die leiding van die Heilige Gees wat jou heelyd oortuig van die waarheid van God se Woord en die werklikheid van die Here se dae in jou lewe. En bestry die werke van die leuen. Wees dan verseker dat jy glo in die waarheid wat in Jesus se eie dae en woorde bevestig is. Hy het aan die kruis gesterf en uit die dood opgestaan. Hy regeer uit die hemel en het die Gees van die waarheid ook vir jou gestuur. Dit is die regte pad (16:10) – die pad van genade en waarheid (1:14).

Sing: Skrifberyming 24:7

Wyle dr AGS Venter (Randburg-Oos)